Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 kerk@kerk.co.za www.kerk.co.za bfn_baptiste Bloemfontein Baptiste Kerk

# Psalm 13

**Psalm 13:2-3** Hoe lank gaan U my nog bly vergeet, Here? Vir altyd? Hoe lank gaan U nog van my af weg kyk? Hoe lank moet ek nog my eie planne maak en my dae met kommer deurbring? Hoe lank sal die vyand my nog oorheers?

**Psalm 6:4** Ek is heeltemal gedaan. Hoe lank nog, Here, voordat U uitkoms gee?

**Psalm 6:7** Ek is uitgeput van verdriet, ek huil die hele nag deur, ek deurweek my bed met trane.

**Psalm 13:4-5** Luister tog en antwoord my, Here my God! Gee my tog nuwe lewenskrag. Ek wil nie sterwe nie, anders sê my vyand hy het my oorwin en juig my verdrukkers oor my ondergang.

**Psalm 16:8** Ek het die Here altyd by my: omdat Hy by my is, sal ek nie struikel nie.

**Psalm 13:6** Ek hou vas aan u troue liefde, oor die uitkoms wat U gee, juig my hart. Ek wil sing tot eer van die Here, omdat Hy aan my goed gedoen het.

**Romeine 5:8** Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.

---

---

## Dinge wat ons kan doen:

1. Hou aan ________________.

**Psalm 13:4** Luister tog en antwoord my, Here my God!

---

---

2. Hou aan ________________.

**Psalm 13:6** Ek hou vas aan u troue liefde...

---

---

3. Hou aan ________________.

**Psalm 13:6** ...oor die uitkoms wat U gee, juig my hart.

---

---

4. Hou aan ________________.

**Psalm 13:6** ...Ek wil sing tot eer van die Here, omdat Hy aan my goed gedoen het.

**1 Petrus 1:3-5** Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word. En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word.

---

---

---